## JEMEN (Nr 5 op Wêreldwaarnemingslys 2024)

Bevolking:35 mil Godsdiens: Moslem 99.1% ; Ander 0,9%
Amptelike taal: Arabies; Geletterdheid 54%

**HET JY GEWEET?** Dit bly uiters gevaarlik om Jesus in Jemen te volg. Die Jemeni samelewing is sterk Islamities, konserwatief en gefokus op hul stamme, en strawwe deur die stamme vir die bedreiging van Islam kan tot die dood of verbanning lei.
Die meeste gelowiges is Jemenities en vanuit ŉ Moslem-agtergrond afkomstig. Aangesien bekering vanaf Islam deur Islamitiese en staatswetgewing verbied word, moet Christene hul geloof geheim hou of uiterste gevolge deur hul gesinne, die owerhede of radikale Islamitiese groepe in die gesig staar. Dit kan egskeiding, verlies van toesig oor kinders, arrestasie, ondervraging en selfs die dood insluit.
Die humanitêre krisis wat deur die tienjarige burgeroorlog veroor-saak is, het ook die druk op gelowiges vergroot. Noodlenigingshulp word meestal deur plaaslike Moslem-groepe en moskees versprei. Hulle diskrimineer teen enigiemand wat nie as ŉ toegewyde Moslem beskou word nie.




Taken from World Fact Book

**Bid asb :**

- Bid vir krag en beskerming vir gelowiges wat woon waar hulle die risiko ervaar van Islamitiese militante groepe.
- Bid dat bekeerlinge vanaf Islam wysheid en moed sal hê om hul geloof te deel.
- Bid vir vrede in Jemen, wat jare se brutale oorloë en humanitêre krisisse in die gesig gestaar het.

*. "Vertel die nasies van sy mag, al die volke van sy magtige dade."*
*.(Ps 96:3)*

**SAAWE**
**Ena 083 6600 885**

## NIGERIË (Nr 6 op Wêreldwaarnemingslys 2024)

Bevolking: 236,7 mil. Godsdiens: Moslem 54%, Rooms Katoliek 10%, Christen 35% Amptelike taal: Engels. Geletterdheid 62%

**HET JY GEWEET?** Meer gelowiges word jaarliks in Nigerië weens hul geloof vermoor as op alle ander plekke in die wêreld gesamentlik. Die aanvalle is dikwels wreedaardig en kan die vernietiging van eiendomme, ontvoerings vir ŉ losprys, seksuele geweld en die dood insluit. Gelowiges word van hul lewens-bestaan gestroop en uit hul huise verdryf.
Geweldpleging deur Islamitiese ekstremistiese groepe soos die Fulani-militante, Boko Haram en die Islamitiese Staat in die Wes-Afrika Provinsie (ISWAP) het tydens Muhammadu Buhari se presidentskap toegeneem. Die regering se versuim om Christene te beskerm en oortreders te straf, het militante se invloed verder versterk. Christene wat in die Sharia-state (Islamitiese wetgewing) van Noord-Nigerië woon, staar as tweedeklasburgers diskriminasie en onderdrukking in die gesig.




Taken from World Fact Book

**Bid asb :**

- Bid dat slagoffers van geweld en hul gesinne genesing en hoop in Jesus sal vind.
- Bid vir vrede, stabiliteit en veiligheid in die gebiede waar militante toeslaan sonder om gestraf te word.
- Bid vir diegene wat ontwortelde Christene met praktiese hulp en geestelike sorg ondersteun.

*"Al sou 'n oorlog teen my uitbreek, sal ek nogtans bly vertrou."*
*(Ps27:3)*

**SAAWE**
**Ena 083 6600 885**

## PAKISTAN (Nr 7 op Wêreldwaarnemingslys 2024)

Bevolking: 321 mil. Godsdiens: Christians 77,5%; Other 3%; Moslem 1,5% Amptelike taal: Engels. Geletterdheid 99%

**HET JY GEWEET?** Die verwoestende aanval op Jaranwala se Christelike gemeenskap in Augustus 2023 bly ŉ ontnugterende herinnering aan die vyandige omgewing wat Pakistan se gelowiges in die gesig staar.
Pakistan se berugte Godslasteringswette word dikwels gebruik om minderheidsgroepe te teiken, maar Christene word buiten-sporig geraak. Sowat ŉ kwart van alle beskuldigings van Godslastering teiken Christene. Gelowiges word ook op ander maniere geteiken, beide openlik en subtiel. Die aantal Christen-meisies (en dié van ander godsdienstige minderheidsgroepe) wat ontvoer, mishandel en gedwing word om na Islam oor te skakel (dikwels gerugsteun deur laer howe) groei. Kerke wat betrokke is by uitreike word veral aan teenkanting blootgestel. Alle Christene ly onder beperkende diskriminasie en die owerhede reserveer beroepe wat as laag, vuil en afbrekend beskou word vir Christene.




Taken from World Fact Book

**Bid asb :**

- Bid dat Christene teen valse bewerings van Godslastering beskerm sal word.
- Bid dat gelowiges aan hul identiteit as kinders van God sal vashou, aangesien hulle dikwels verneder word.
- Bid vir die beskerming en welsyn van Christen-vroue en -meisies en vir die vrylating van almal wat uit hul gesinne weggeneem is.

*"Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het.."(Heb 10:36)*

**SAAWE**
**Ena 083 6600 885**

## SUDAN (Nr 8 op Wêreldwaarnemingslys 2024)

Bevolking: 50,5 mil; Godsdiens: Moslem 92%; Christene 4%, Ander 4%. Amptelike tale: Arabies, Engels. Geletterdheid 60%

**HET JY GEWEET?** Die verwoestende oproer wat in April 2023 uitgebreek het, dreig om die positiewe stappe wat vir godsdiens-vryheid gemaak is verder te ondermyn nadat Omar al-Basjir in 2019 verdryf is. Dié krisis spruit uit ŉ magstryd tussen die nasionale weermag en die Rapid Support Forces (RSF). Meer as 9 000 mense is dood en byna 6 miljoen ontwortel. Meer as 165 kerke is gesluit en ander is vernietig. Kerke het ook menseregte-skendings(verkragting, ontvoering en plundering ) aangemeld.
Daar heers langtermynkommer dat dié konflik Islamitiese ekstremiste ŉ hernude vastrapplek in die land sal gee. Sodoende kan die hervormings wat deur die burgerlike oorgangsregering gemaak is, ongedaan gemaak word..




Taken from World Fact Book

**Bid asb :**

- Bid vir ŉ einde aan die geweld in Soedan en voorsiening vir Christene wat ontwortel is.
- Bid vir krag en beskerming vir dapper gelowiges wat soveel waag om ander tydens die oproer te dien.
- Bid dat die positiewe stappe na godsdiensvryheid op voortgebou sal word.

*"Kom terug na die Here julle God toe: Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is bereid om straf te herroep."*
*(Joel 2:13b)*

**SAAWE**
**Ena 083 6600 885**